

Gr 11 RTT

Antwoorde van Vrg 8 VAN LAAS WEEK:

Vraag 8: Geïntegreerde Scenario

8.1.1 Enige TWEE redes van: ✓✓

- Makliker om rekenaars by te voeg of te skuif
- Makliker installasie (kabels nie benodig nie)
- Groter mobiliteit vir gebruikers met mobiele toestelle / toegang vir gaste
- Kleiner kans dat skade per ongeluk sal plaasvind (iemand wat oor kabel struikel, ens.) (2)

8.1.2 Enige EEN nadeel (behalwe koste) van: ✓

- Sekuriteit kan gekompromitteer word
- Besoekers kan op die Internetkonneksie 'piggy-back' of abba
- Potensiële seinprobleme
- Potensieel stadiger (as video's gestroom word, ens.) (1)

8.2.1 AUP is 'n dokument wat gebruikers se regte en verantwoordelikhede uitstippel, veral in 'n netwerkomgewing ✓ (1)

8.2.2 Neem foto van AUP met 'n digitale kamera / slimfoon / tablet ✓

Gebruik dan OCR-programmatuur (óf direk op mobiele toestel, óf nadat na rekenaar oorgedra is) om die geskandeerde beeld na redigeerbare teks om te skakel ✓ (2)

8.3.1 Enige TWEE wenke van: ✓✓

- Ten minste 8 karakters lank
- Bevat kombinasie van hoof- en kleinletters, syfers en spesiale karakters
- Moenie enigiets gebruik wat maklik geraai kan word nie, bv. jou naam
- Vermoed wagwoorde wat 'n patroon op die sleutelbord volg, bv. 'asdf'
[Moenie aanvaar 'Verander wagwoord gereeld', 'Moenie wagwoorde deel of neerskryf nie',
ens., aangesien so 'n antwoord nie gaan oor hoe die wagwoorde saamgestel is nie.] (2)

8.3.2 Nie nodig om plakkate [sien scenario] aan beide kante van papier te druk nie (dupleksdruk = druk op albei kante) ✓ (1)

8.3.3 ppm (pages per minute) ✓ (1)

8.4 Enige TWEE riglyne van: ✓✓

- Hoofskakels (kieslystelsel) moet maklik wees om te vind en te identifiseer / verskyn in 'n konsekwente posisie in verwante blaaie
- Skakels moet kort en maklik verstaanbaar wees (weet waarheen die skakel gaan)
- Daar behoort geen gebreke skakels (skakels wat nie werk nie) te wees nie
- Skakels moet oral dieselfde geformateer word (kleure, onderstreep, ens.) (2)

- 8.5.1 Enige EEN rede van: ✓
- Interaktiewe witbord kan as 'n toevoertoestel gebruik word, om skakels ens. op die intranet te volg – nie net 'n passiewe vertoning nie
[Moenie 'interaktief' op sy eie, sonder geskikte verklaring van wat dit beteken, aanvaar nie]
 - Aantekeninge op die interaktiewe witbord gedurende die loop van die aanbieding (bv. voorstelle om die intranet te verbeter) kan op die rekenaar vir toekomstige gebruik gestoor word (1)
- 8.5.2 Programmatuur wat advertensies aflaai en jou bombardeer met advertensies wat opwip wanneer jy aan die Internet gekoppel is. ✓ (1)
- 8.5.3 Enige EEN manier van: ✓
- Gebruik opsies in die webblaaier om opwipvensters (*pop-ups*) te blokkeer
 - Diskonnekteer die Internet gedurende die aanbieding (1)
- 8.6 Lumens ✓ (1)
- 8.7.1 Plug and play ✓ (1)
- 8.7.2 Enige TWEE redes van: ✓✓
- Dit is baie vinniger om data na 'n draagbare hardeskyf toe te rugsteun (data oor te dra) as om 'n aanlyn diens (d.i. via die Internet) hiervoor te gebruik
 - Moet dalk vir die datastoor betaal
 - Gebruik CAP, d.i. bandwydtekoste
 - Geen verdere beheer oor die rugsteun, en sekuriteit van die data
 - As die aanlyn diens bankrot speel, mag al die rugsteundata verlore gaan (2)
- 8.8.1 Enige EEN manier van: ✓
- Gebruik kabelslotte om apparaat aan soliede voorwerpe (tafels, muurhakies, ens.) te anker
 - Gebruik bewegingsensors om alarms te laat afgaan indien 'n rekenaar geskuif word (1)
- 8.8.2 Enige EEN programmatuurmetode van: ✓
- Wagwoordbeskerming
 - Enkripsie
 - Die stel van voorregte / toegangsbeheer (op lêers en lêergidse) (1)
- 8.9 Enige EEN groen rekenaarverwerkingspraktyk van: ✓
- Skakel toerusting af terwyl dit nie gebruik word nie
 - Gebruik kraginstellings om te verseker dat krag bespaar word (bv. 'slaap', 'hiberneer'-metodes) (1)
- 8.10.1 Disk Cleanup (Wizard) ✓ (1)
- 8.10.2 Lêers op die skyf is verdeel (en versprei op die skyf) ✓ (1)
- 8.10.3 Verbeterde werkverrigting in terme van lees en skryf van lêers (skyftoegang) ✓
[Aanvaar 'rekenaar werk vinniger'] (1)
- 8.10.4 Alle data en programme op die skyf sou uitgevee word ✓ (1)

8.11.1 Enige EEN nadeel van: ✓

- Sensors kan faal sonder dat iemand dit agterkom, wat tot foutiewe data kan lei
- Net data wat wel deur sensors waargeneem kan word, kan versamel word
- Moeilik om die toestel te herstel of te vervang (plek ontoeganklik) (1)

8.11.2 3D-drukker ✓ (1)

8.11.3 Bluetooth ✓ (1)

8.11.4 NFC / Near field communication ✓ (1)

[30]

HUISWERK TEORIE

Ma: Doen Vrg 1 - 3

Vraag 1

Identifiseer die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf slegs die *nommer* van elke vraag neer, en langsaan die enkele *hoofletter* wat die beste antwoord verteenwoordig, byvoorbeeld 1.11 A.

- 1.1 Watter een van die volgende faktore is die minste belangrik om te bepaal hoe kragtig 'n rekenaar is?
- A. Die hoeveelheid en tipe stoor waaroor dit beskik
 - B. Die grootte van die geheue
 - C. Die getal USB-poorte wat dit het
 - D. Die soort grafikakaart wat geïnstalleer is (1)
- 1.2 Watter een van die volgende spesifikasies geld vir beide monitors en drukkers?
- A. Maandelikse werkslading
 - B. Resolusie
 - C. 4K
 - D. Aspekverhouding (1)
- 1.3 Watter een van die volgende word NIE gebruik om data wat deur die gebruiker geskep is te hou nie?
- A. RAM
 - B. SD-kaart
 - C. Hardeskyf
 - D. ROM (1)

- 1.4 Watter een van die volgende datasoorte kan altyd gebruik word vir 'n veld wat as 'n primêre sleutel in 'n Access-tabel gebruik word?
- A. *Short Text*
 - B. *Yes/No*
 - C. *AutoNumber*
 - D. *OLE Object* (1)
- 1.5 Watter een van die volgende stellings oor 'n hibriedskootrekenaar is altyd WAAR?
- A. Dit het 'n langer batterylewe as 'n konvensionele tablet.
 - B. Dit kom met 'n raaskerm.
 - C. Dit gebruik 'n mobiele bedryfstelsel.
 - D. Dit is minder kragtig as 'n konvensionele tablet. (1)
- 1.6 Watter een van die volgende beskryf 'n dokument wat die basiese uitleg en afdelings vir 'n besondere soort dokument bevat?
- A. Templaar
 - B. Vorm
 - C. Tema
 - D. Styl (1)
- 1.7 Watter een van die volgende stellings oor drukkers is ONWAAR?
- A. Beide laser- en inksputdrukkers kan in kleur druk.
 - B. Inksputdrukkers is gewoonlik duurder om te gebruik as laserdrukkers.
 - C. Beide laser- en inksputdrukkers konnekteer aan 'n USB-poort.
 - D. Laserdrukkers is beter as inksputdrukkers vir fotogehalte-drukwerk. (1)
- 1.8 Watter een van die volgende toestelle word deur ATM-diewe gebruik om jou PIN in die hande te kry?
- A. Kaartleser (*card skimmer*)
 - B. Videokamera
 - C. Raaskerm
 - D. Magnetiese strokie (1)
- 1.9 Watter een van die volgende sal NIE help om groen rekenaarwese te bevorder nie?
- A. Om 'n speltoets op sagtekopieë van dokumente uit te voer
 - B. Skandering van dokumente wat met ander mense gedeel moet word
 - C. Opleiding van mense om Outlook effektief te gebruik
 - D. Om hardekopieë van elektroniese dokumente te maak (1)

1.10 Watter een van die volgende toestelle sou NIE gebruik word deur 'n persoon wat aan gebrekkige motoriese beheer ly nie?

- A. Braille-sleutelbord
- B. Joystick
- C. Oogvolgtoestel
- D. Groot trackball

(1)

[10]

Vraag 2

Skryf slegs die nommer neer en die hoofletter langs die nommer wat pas.

Kolom A		Kolom B
2.1	'n Toestel wat gebruik word om 'n netwerkkabel aan 'n rekenaar te koppel	A. Sekondes B. MP C. Digitaal D. Vesel E. SD-kaart F. Beeldpunte G. EMI H. Bluetooth I. URL J. Laser K. Optiese L. 15.6" M. OCR N. NIC O. QR P. RFID Q. Full HD 1080 R. SSD
2.2	'n Soort sagteware	
2.3	'n Soort 'zoom' wat waarskynlik met 'n DSLR-kamera gebruik sal word	
2.4	'n Spesifikasie wat die resolusie van 'n soort afvoertoestel beskryf	
2.5	Die eenheid waarin die resolusie van 'n digitale kamera gemeet word	
2.6	'n Soort lig wat gebruik kan word om 'n virtuele sleutelbord op 'n oppervlakte te projekteer	
2.7	'n Stoortoestel wat baie vinniger as 'n hardeskyf werk	
2.8	'n Kode wat mense in staat stel om aan 'n webwerf te koppel deur dit af te neem	
2.9	'n Soort ongewenste effek op kopergebaseerde netwerkkabels	
2.10	'n Tegnologie wat radioseine gebruik om 'n luidspreker of oorfone aan 'n toestel te koppel	

[10]

Vraag 3

Sê of elkeen van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

As die stelling ONWAAR is, skryf die woord 'Onwaar' neer, en langsaan die woord(e) wat die onderstreepte woord(e) moet vervang om die stelling WAAR te maak. (Let op dat geen punte toegeken sal word as 'Onwaar' sonder 'n voorgestelde vervanging gegee word nie.)

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van sagteware.

Antwoord: Onwaar – hardeware / apparatuur

- 3.1 Die lumen-gradering is 'n meting van 'n kamera se ligsensitiwiteit. (1)
- 3.2 Die term kliënt verwys na enige rekenaartoestel wat aan 'n netwerk gekoppel word en wat van die netwerk se bronne gebruik maak. (1)
- 3.3 Laserdrukkers maak dit moontlik om fisiese voorwerpe van ontwerpe wat op 'n rekenaar geskep is te maak. (1)
- 3.4 Die term adware verwys na enige tegniek of sagteware wat probeer om rekord te hou van die manier hoe jy jou rekenaar gebruik, om hierdie inligting dan aan 'n derde party deur te gee. (1)
- 3.5 'n Continuous-seksieonderbreking kan gebruik word om die hoeveelheid teks in kolomme in 'n Word-dokument te 'balanseer' (eweredig te versprei). (1)

[5]

WOENSDAG

Doen Vrg 4

Vraag 4: Stelseltegnologieë

- 4.1 Kyk na die spesifikasies vir 'n monitor hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

Dell 28" S2817Q Monitor

- 3840 x 2160
- 8 Million:1
- 16:9
- Height-adjustable
- Low response time
- 2 x HDMI ports

- 4.1.1 Wat is die grootte van die skerm? (1)
- 4.1.2 Verduidelik hoekom die vervaardiger kan beweer dat die monitor *ergonomies ontwerp* is. (1)
- 4.1.3 Gee die eenheid waarin die reaksietyd van enige monitor gemeet word. (1)
- 4.2 Gee TWEE redes waarom 'n persoon mag verkies om 'n *phablet* in plaas van 'n tablet te gebruik. (2)

- 4.3 Gee TWEE instellings wat mens op 'n draagbare rekenaar sou kon verander om minder krag te gebruik. (2)
- 4.4 Wat is die vernaamste verskil tussen 'n *toegewyde toestel* en 'n rekenaar? Gee ook EEN voorbeeld van 'n toegewyde toestel. (2)
- 4.5 Alle rekenaars benodig 'n kragbron om te kan werk.
- 4.5.1 Watter toestel kan gebruik word om 'n rekenaar teen kragvoorsieningsprobleme te beskerm? (1)
- 4.5.2 Verduidelik hoekom dit nie nodig is om 'n skootrekenaar te koppel aan die toestel waarna in die vorige vraag verwys is nie. (1)
- 4.6 Mense raak dikwels deurmekaar met die begrippe *argivering* en *rugsteun*.
- 4.6.1 Verduidelik hoe argivering en rugsteun *ooreenkom* (soortgelyk aan mekaar is), en ook hoe hulle van mekaar *verskil*. (2)
- 4.6.2 Gee 'n geskikte voorbeeld van 'n situasie waar argivering gebruik sou word. (1)
- 4.7 Verduidelik waarom die defragmentering van 'n gefragmenteerde hardeskyf NIE meer spasie op 'n hardeskyf beskikbaar sou stel nie.
Verwys na die algemene doel van defragmentasie in jou antwoord. (2)
- 4.8 Skandering word gebruik om beelde (*images*) en ander data na digitale formaat om te skakel.
- 4.8.1 Gee EEN manier hoe 'n beeld na digitale formaat omgeskakel kan word, behalwe om 'n skandeerder te gebruik. (1)
- 4.8.2 Verduidelik hoe jy 'n instelling in die skandeerder se sagteware sou kon wysig sodat die geskandeerde beeld die minste hoeveelheid stoorspasie in beslag sou neem. (2)
- 4.9 Verskillende koordlose tegnologieë word in mobiele toestelle ingebou.
- 4.9.1 Gee die naam van 'n tegnologie (afkorting) wat dit moontlik maak vir twee elektroniese toestelle om koordloos te konnekteer deur hulle net aan mekaar te laat raak of hulle naby mekaar te bring. (1)
- 4.9.2 Verduidelik kortliks hoe 'n mobiele toestel (soos 'n slimfoon) sy internetkonneksie, sonder die gebruik van kables, met nog 'n toestel kan deel. (1)
- 4.9.3 Verduidelik kortliks die voordeel van die gebruik van GPS-tegnologie in terme van die metadata wat saam met 'n lêer gestoor kan word. (1)
- 4.10 Watter soort stoorplek kan mens gebruik om te verseker dat al jou toestelle altyd die jongste weergawe van die data bevat? (1)
- 4.11 Soms vertoon 'n boodskap dat 'n *flash-skyf* nie geformateer is nie, maar jy weet dat dit wel data bevat.
- 4.11.1 Verduidelik waarom jy NIE die aandrywer moet formateer nie. (1)
- 4.11.2 Gee EEN wenk hoe jy hierdie probleem moontlik kan oplos. (1)

4.12 Dit is moontlik om probleme op skywe op te los deur 'n skyfskanderingsprogram te gebruik.
Is dit nodig om 'n skyfskanderingsprogram te *koop* (as mens dit wil gebruik)? Motiveer jou antwoord.
(1)

4.13 Dit is soms nodig om die hoeveelheid skyfspasie wat op 'n aandrywer beskikbaar is, te vermeerder.

4.13.1 Gee die naam van 'n nutsprogram van Windows wat lêers wat verwyder kan word opspoor, en die gebruiker laat kies watter lêers verwyder moet word. (1)

4.13.2 Gee EEN ander manier om meer skyfspasie beskikbaar te maak, behalwe om lêers saam te pers of bogenoemde nutsprogram te gebruik. (1)

4.14 Kyk na die spesifikasie van 'n hardware-item hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

Intel Dual Core Z8350

4.14.1 Na watter hardware-item verwys hierdie spesifikasie? (1)

4.14.2 Verduidelik kortliks watter uitwerking die getal kerne (*cores*) op die algemene werkverrigting van 'n rekenaar het. (1)

4.14.3 Gee die eenheid waarin die spoed van hierdie item gemeet word. (1)

[31]

PRAKTIES HUISWERK:

KYK NA VIDEO'S OOR ACCESS:

MAANDAG: Basic Field Properties



WOENSDAG: Entering Data in Table

